



# STINKBOON

deur HILDEGARD DE BEER  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Stinkboon, *Paraserianthes lophantha* subsp. *lophantha* (Willd.) Nielsen, familie Fabaceae, het die potensiaal om 'n ernstige indringer van die inheemse plantegroei te word. Tot dusver is dit wydverspreid, maar in redelik geïsoleerde of yl besmettings, en nog hoofsaaklik tot die Kaapprovinsie beperk. Dit is dus belangrik om hierdie plantsoort te beheer voordat die probleem ernstiger afmetings aanneem.

Stinkboon was voorheen, onder andere, bekend as *Albizia lophantha* (Willd.) Benth., met die populêre naam, Australiese Albizia. In Engels staan dit in Suid-Afrika bekend as "stink bean" of "Australian Albizia", en elders ook as "two-spiked acacia", "siris silk tree" of "plume Albizia".

## Morfologie

Stinkboon is 'n immergroen struik of klein boompie. Dit is normaalweg 4 tot 7 m hoog, maar kan onder



FIG. 2 - Die dubbelgeveerde blare, geelgroen bloeiwyses, wat soos bottelborsels lyk, en die afgeplatte peule met 'n skerp uitsteeksel op die punt



FIG. 1 - 'n Digte stand stinkbone

gunstige toestande 'n hoogte van tot 15 m bereik.

Die geriffelde takkies is oortrek met fyn, goue haartjies wanneer hulle jonk is, maar ouer takke is kaal of het net enkele gryshare. Die blare is dubbelgeveerd en bestaan uit 'n hoofaar met sewe tot 12 sytakke, wat elk 20 tot 35 pare blaartjies besit. Die blaartjies is elk tot 13 mm lank en sowat 1,8 tot 3,0 mm wyd, en die hoofnerf is nader aan die boonste (distale) rand. Die jong blare is ook oortrek met goudkleurige haartjies, terwyl die ouer blare soms gryserige haartjies het, of glad kan wees. In die middel van die blaarsteel, asook op die hoofaar, net onder die aansluiting van die laaste (distale) paar syare, kom daar duidelike kliere voor.

Die bloeiwyses is 30 tot 80 mm lank, is roomkleurig tot geelgroen en lyk soos bottelborsels. Hulle kom enkel of in groepe in die oksels van die takke voor. Elke bloeiwyse is saamgestel uit talle klein blommetjies in 'n aar, wat uit 'n groot aantal roomkleurige tot geelwit meeldrade bestaan. Die plant blom gedurende Julie en Augustus. Die blomme gee later oorsprong aan lig- tot donkerbruin peule, 50 tot 110 mm lank. Die peule is plat, met dik, verhewe rande, en die sade vorm bulte wat die peule se buitelyne golwend laat vertoon. Die punt van die peul is gewoonlik gerond, met 'n skerp uitsteeksel. Die sade is effens afgeplat en swart, maar word bruin wanneer hulle nat word.

#### Oorsprong en verspreiding

Die plant is inheems in Australië, en wel in die westelike en suidwestelike gebiede. Dit is egter ook ingeburger in Oos-Australië. Verder kom dit ook in Nieu-Seeland, Suid-Kalifornië, die Kanariese Eilande, Chili, Cornwall, Tanzanië, die Malgassiese Republiek en Suid-Afrika voor. Die naverwante subspesie, *P. lophantha* subsp. *montana*, is inheems in Maleisië.

Stinkboon is tussen 1833 en 1835 deur beide Baron Von Ludwig en Sir John Herschel ingevoer, wat dit in Kaapstad en Claremont, onderskeidelik, gevestig het. Van daar is die onkruid blykbaar verder in die Kaapprovinsie versprei, moontlik aanvanklik as 'n sierstruik.

Tans kom stinkboon algemeen voor langs die Liesbeekrivier naby Claremont, en by talle plekke verder binnelands, veral op vleierige en ander klam plekke. Dit kom verder al langs die kusstreek van die Kaapse Skiereiland en van die suidwestelike en suidelike Kaap, tot so ver oos as Stutterheim in die Fort Beaufort-distrik, voor. Dit is besig om 'n ernstige indringer van die inheemse plantegroei te word, veral in klowe, teen klam hange en langs strome.

Dit aard goed langs die kus in die fynbos en teen die lae, suidelike hange van die berge, terwyl dit in die Oos-Kaap na die grasveldgebied versprei het. Die welslae wat die onkruid in 'n wye reeks klimaattoestande oorsee behaal het, dui daarop dat

dit in Suid-Afrika oor 'n wye gebied gevestig kan raak. Daar kan verwag word dat dit mettertyd al die vogtige plekke in dië kusstreek sal binnedring, en daarvandaan ook na minder gunstige groeiplekke sal uitbrei.

#### Voortplanting

Stinkboon plant slegs deur sade voort, en ouerplante spruit nie weer uit nadat dit afgekap of gebrand is nie. Die groot aantal sade wat deur die plant voortgebring word, is egter hard en lanklewend en hoop in die grond rondom die ouerplant op. Dit kan ook in die water beland en stroom af spoel, of versprei word saam met riviersand wat vir boudoeleindes wegkarwei word.

#### Gevare

Stinkboon het verskeie kenmerke wat dit 'n aggressiewe indringerplant maak. Die saailinge groei baie vinnig, en 'n plantjie van minder as 2 jaar kan reeds saad skiet. Die digte lower oorskadu die natuurlike plantegroei, en die oppervlakkige wortelstelsel omtrek geweldig baie water uit die grond. Sodoende kan die skaars plantgemeenskappe van stroomwalle en syferplekke binne 3 of 4 jaar verplaas word deur eentonige ruigtes van 5 tot 6 m hoë bome. Dit dring ook versteurde gebiede binne, byvoorbeeld grond wat braak lê. As gevolg van die groot hoeveelheid lanklewend saad wat onder die bome ophoop, is dit 'n duur en langdurige proses om die plantsoort uit te roei, aangesien die sade nog lank kan aanhou ontkiem. Die plant bevat 'n giftige saponien wat moontlik diere kan vergiftig.

#### Wetgewing

Stinkboon is kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) tot 'n onkruid verklaar. Dit mag dus nie versprei word, of toegelaat word om te versprei nie. Dit mag nêrens in die Republiek in stadsgebiede groei nie, en op alle plaaseenhede waar dit voorkom, moet beheermaatreëls daarteen getref word.

#### Beheer

Dit is belangrik om die plant uit te roei terwyl die besmetting nog gering is, en voordat sade gevorm word. Daar is nog geen chemiese middels vir die beheer van stinkboon geregistreer nie; dus moet daar van meganiese metodes gebruik gemaak word. Saailinge kan uitgetrek of uitgeskoffel word. Jong boompies kan uitgespit, uitgegrawe of geringeleer word, of die stam kan so na moontlik aan die grond afgekap word, waarna die bas tot in die grond afgestroop moet word. Laasgenoemde twee metodes kan ook op volgroeiende bome toegepas word. Opvolgwerk oor 'n aantal jare mag nodig wees, veral na goeie toestande vir ontkieming, soos byvoorbeeld na brande of ander versteuring van die grond of plantegroei.